

Publication: Eikestadnuus (Main)
Publication Date: 15 Nov 2018
Page: 6

AVE: 7642.25
Circulation: 4348
Part: 1 of 1



# Beurtwater dalk ons voorland

Die onverantwoordelike gebruik van water bedreig ons voortbestaan. Ons sal ons houding teenoor hierdie noodsaaklike hulpbron moet verander, anders is ons diep in die moeilikheid.

Die relatiewe goeie reën in die Wes-Kaap die afgelope winter, wat damvlakke laat styg het, het die verkeerde indruk by sommige mense gelaat dat ons waterkrisis verby is.

Dit is glad nie die geval nie. Ons het groot uitdagings met die hoeveelheid water én die bestuur van hierdie noodsaaklike hulpbron.



Onder die Eik

Prof. Eugene Cloete

Water kom gewoonlik in drie vorms voor: te veel, te min of te vuil. In Suid-Afrika ervaar ons al drie vorme op 'n gereelde grondslag.

Dink maar aan die droogte én die oorstromings wat ons afwisselend in verskillende dele van die land ervaar én aan die talle besoedelde riviere landwyd.

'n Gebrek aan kundigheid op alle vlakke en die gepaardgaande gebrek aan die nodige infrastruktuur veroorsaak dat duisende mense nog nie toegang tot skoon drinkwater en sanitasie het nie.

Stede in Gauteng word bedreig deur suur mynwater en mense op die platteland ervaar watertekorte en moet soms vir dae aaneen sonder water klaarkom. Onbeplande en vinnige verstedeliking het daartoe gelei dat informele nedersettings sonder die nodige infrastruktuur ontstaan het.

In wese is ons dus 'n land met te min water wat dikwels te vuil is vir menslike gebruik.

Die kern van die probleem is die feit dat water tereg as 'n mensereg beskou word, maar niemand besit die water nie. Die reg op water en die feit dat niemand die water besit nie, negeer die verantwoordelikheid wat saam met die reg behoort te loop.

Grootskaalse onverantwoordelike gebruik van water deur almal, van individue tot die private sektor en die staat, dompel ons al hoe dieper in die moeilikheid.

Individue blameer die staat vir gebrekkige dienslewering, maar gebruik self onnodig baie water. Die mynboubedryf het die probleme met suur water geskep, maar doen nie genoeg om dit reg te stel nie. En in talle munisipaliteite word water op groot skaal vermors weens lekkasies, maar instandhouding bly gebrekkig.

Die belastingbetaler nou moet nou opdok vir duurder water, maar meer geld is nie die oplossing nie.

Riviere word onbeskaamd besoedel en munisipale waterbehandelingstelsels faal. Die feit dat miljoene mense daagliks die toilet spoel met water van drinkbare gehalte, bevestig my siening dat nie genoeg waarde aan water, ons noodsaaklikste bestaansmiddel, geheg word nie.

Die uitdaging is dus om die waardeproposisie te verander sodat water, wat ons almal se reg is, deur almal as waardevol beskou sal word en verantwoordelik gebruik sal word. Dit gaan verg dat ons water op 'n drastiese ander wyse bestuur sal moet word.

Een moontlikheid is om 'n minimum hoeveelheid water gratis beskikbaar te stel vir menslike gebruik (vir koskook en drink) soos dit reeds die geval is, maar daarna 'n meer realistiese prys aan water te koppel om sodoende die waarde te verhoog en vermorsing te bekamp.

Die bedryf moet eweneens aansporings ontvang vir optimale waterverbruik om sodoende te verseker dat die ekonomie nie deur hoë waterpryse aan bande gelê word nie.

Die feit van die saak is dat ons nie genoeg water het om te mors nie en indien ons nie ons gedrag verander nie, ons almal slagoffers sal wees van beurtwater soos ons reeds met beurtkrag ervaar het.

Nuwe, vernuwende tegnologie sal ontwikkel moet word om watervoorsiening te verseker, deur onder meer die hergebruik van besoedelde water vir menslike gebruik op 'n groot skaal moontlik te maak.

Die grootse bydrae sal egter deur almal van ons gelewer moet word – deur met veel groter ontsag met water om te gaan.

*Prof Eugene Cloete is viserektor: navorsing, innovasie en nagraadse studies aan die Universiteit Stellenbosch (US). Hy is ook 'n mikrobioloog en waterkundige wat die US Waterinstituut help stig het.*

UNIVERSITEIT
IYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918-2018
*saam vorentoe · masiye phambili · forward together*

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.